



**NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE
GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 10 DESEMBER OM 14:00**

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl M Rangasamy
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl
Rdl W Wilskut

Ander raadslede:

Rdl Y S Cox-Bruintjies
Rdh N J A Rust

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Rdh M S I Goliath open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-
VERGADERING GEHOU OP 12 NOVEMBER 2014**

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 12 November 2014 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU 3 DESEMBER 2014
[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 3 DESEMBER 2014

5.1.1 ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

6.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 3 DESEMBER 2014

6.1.1 ITEM 8.2: VOORGESTELDE OPHEFFING VAN BEPERKING ASOOK VOORGESTELDE AFWYKING EN WYSIGING VAN DIE RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK: ERF 1066, DARLING (15/3/4-3) (WYK 5)

'n Aansoek om opheffing van beperking is ontvang namens die eienaar, mnr M H Muhamud ten einde 'n huiswinkel (groot $\pm 33\text{m}^2$) op 'n gedeelte van erf 1066, Darling te bedryf, sowel as vir 'n afwyking ten einde die huiswinkel te wettig.

Aansoek word ook gedoen vir die wysiging van die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk van Swartland Munisipaliteit ten einde ook die noordelike gedeelte van Durbanstraat as aktiwiteitstraat te klassifiseer.

BESLUIT dat die item oorstaan.

7. NUWE SAKE

7.1 IMPLEMENTERING VAN DIE *COMBINED ASSURANCE FRAMEWORK* (5/15/1/1)

Die doel van die raamwerk is om 'n riglyn vir die Munisipaliteit daar te stel om 'n Gekombineerde Gerusstellingsmodel te kan implementeer. Hierdie model sal die Prestasie-, Risiko- en Finansiële Ouditkomitee in staat te stel om 'n gekoördineerde benadering te volg tot alle gerusstellingsaktiwiteite.

BESLUIT

Dat die Gekombineerde Gerusstellingsmodel aanvaar en geïmplementeer word, aangesien dit die volgende voordele vir die Munisipaliteit inhou, naamlik

- Identifiseer en spesifiseer bronne wat 'n mening kan bied ten opsigte van die bestuur van risiko's wat die bereiking van die Munisipaliteit se doelwitte kan beïnvloed;
- Voorsien die Prestasie-, Risiko- en Finansiële Ouditkomitee, die Rekenpligte Beampte en Bestuur van 'n raamwerk van die verskeie partye wat 'n mening gee oor die beheer en bestuur van risiko's;

7.1/...

- Verbind risikosbestuursaktiwiteit met die verskaffers wat 'n mening kan gee oor die beheermaatreëls wat sal verseker dat alle strategiese risiko's en beduidende risiko's behoorlik gedek en bestuur word. Risikobestuur moet effektief bestuur word vir die Gekombineerde Gerusstellingsmodel om 'n sukses te wees;
- Voorsien 'n basis vir die identifisering van potensiële gapings en/of duplisering van aktiwiteite deur die partye wat beheermaatreëls en kontroles evalueer vir die geïntegreerde verslagdoening.

7.2 NOTULE VAN DIE MUNISIPALE OUDITKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 22 AUGUSTUS 2014 ASOOK DIE JAARLIKSE VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE VIR DIE TYDPERK GEËINDIG 30 JUNIE 2014 (11/1/3/1/7)

Die notule van die Munisipale Ouditkomitee gehou op 22 Augustus 2014, sowel as die jaarlikse verslag van die komitee vir die tydperk geëindig 30 Junie 2014 is met die sakelys gesirkuleer.

Daar is egter geen aanbevelings waaroor 'n besluit geneem moet word nie.

Die voorsitter bedank die betrokke departemente wat die water- en elektrisiteitsverliese binne die norm hou, sowel as die Munisipale Bestuurder wat jaarliks poog om die ouditkoste binne perke te hou.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die notule van die Munisipale Ouditkomitee se vergadering van 22 Augustus 2014, asook die jaarlikse verslag van die Prestasie-, Risiko- en Finansiële Ouditkomitee vir die tydperk geëindig 30 Junie 2014.

7.3 HUUROOREENKOMS: ALTECH NETSTAR (PTY) LTD (15/4/6)

Die Raad verhuur spasie op die munisipale mas op die Klipkoppie Malmesbury aan Altech Netstar (Pty) Ltd vir doeleindes van 'n voertuigopspringstelsel.

Die huurtermyn van drie jaar het op 30 November 2014 verstryk. Die firma het versoek om die spasie vir 'n verdere termyn van drie jaar te huur.

BESLUIT

- (a) Dat spasie op die munisipale mas te Klipkoppie, Malmesbury vir 'n verdere termyn van 3 jaar aan Altech Netstar (Pty) Ltd verhuur word vir die lewering van 'n voertuig opsporingsdiens met ingang van 1 Desember 2014;
- (b) Dat die Raad se voorneme in die pers bekend gemaak word in terme van sy Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom;
- (c) Dat die huurgeld jaarliks met 10% eskaleer in terme van die bestaande huurkontrak;
- (d) Dat die huurder verantwoordelik sal wees vir die betaling van die advertensiekostes;
- (e) Dat die huidige huurvoorwaardes van krag sal bly.

7.4 VERHURING VAN GEDEELTE VAN ERF 301, ABBOTSDALE AAN CENCE AND U-GROW RURAL (12/2/R) (WYK 7)

Cence and U-Grow Rural het tydens 'n voorlegging aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 14 Augustus 2014 aangedui dat die organisasies belangstel om 'n gedeelte van erf 301, geleë te Boltneystraat, Abbotsdale by wyse van 'n langtermynhuurooreenkoms vanaf die Raad te huur vir die daarstel van 'n vaardigheidsontwikkelingsentrum vir plaaswerkers.

7.4/...

Die Departement: Ontwikkelingsdienste het voortspruitend uit voormelde voorlegging opdrag gekry om verdere gesprekke met die organisasies te reël ten einde die lewensvatbaarheid van die projek te ondersoek en word die resultaat van die gesprekke saamgevat in die verslag wat met die sakelys gesirkuleer is.

Die Hoof: Gemeenskapsontwikkeling, me M Holtzhausen brei uit aangaande die gesprekke wat plaasgevind het en noem dat daar groot kundigheid en vasberandenheid bestaan om 'n sukses van die projek te maak.

Me Holtzhausen noem ook die bekommernisse, ondersteun deur rdh Goliath en rdl Van der Westhuizen wat betrokke is by die proses, onder andere die beskikbaarheid van water vir die visplaas en inkoop van gemeenskap by projekte.

BESLUIT

- (a) Dat die item terugverwys word om 'n geleentheid te gee om eers die publieke deelnameproses te volg;
- (b) Dat die voorgenome uit-die-hand verhuring en ontwikkeling van die eiendom derhalwe vir publieke kommentaar/beswaar geadverteer word in terme van die Raad se Verordening insake die Bestuur en Administrasie van Onroerende Eiendom.

7.5 UITSTAANDE DEBITEURE – NOVEMBER 2014 (5/7/1/1/MY)

'n Volledige verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die tydperk November 2014 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir November 2014.

7.6 AFSKRYWING VAN SKULD NOVEMBER 2014 – DEERNISHUISHOUDINGS TEN BEDRAE VAN R4 665 906,55 EN SLEGTE SKULD TEN BEDRAE VAN R162 556,73 (5/7/1/1/MY)

Die totale skuld wat voorgelê word vir afskrywing is uiteengesit in twee opsommings tot die verslag, naamlik dié van deernishuishoudings (R4 665 906,55) en dié van gewone debiteure (R162 556,73).

Die voorsitter doen 'n beroep op raadslede om huishoudings wat op die lysie van die kredietbeheerafdeling verskyn en wat nie kwalifiseer vir *Equitable Share* nie, te identifiseer om hulle subsidie te staak.

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeuring verleen dat die bedrag van R4,828,464-28, soos per die aangehegte twee opsommings, afgeskryf word as oninvorderbaar;
- (b) Dat, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat 'n gedeelte van die skuld of die totale skuld van 'n debiteur nie korrek sou wees nie, of dat enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgermeesterskomitee bekend was wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie, die Uitvoerende Burgermeesterskomitee die reg voorbehou om die skuld weer terug te skryf na die betrokke debiteur en dat die nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder;

(c)/...

7.6/...

- (c) Dat, indien 'n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, die Raad die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder, alvorens uitklaring op die betrokke eiendom gegee sal word. Ten einde uitvoering aan hierdie besluit te gee, is 'n register by die eiendomsbelastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was, en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word;
- (d) Dat, verder goedkeuring verleen word dat lopende heffings wat nie by die bestaande lys bygewerk is nie, vanweë die tydsverloop van wanneer die administratiewe proses van genoemde afskrywingslys begin is en die tydperk daarna, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;
- (e) Dat, verder goedkeuring verleen word dat die bedrae wat aan die Raad verskuldig is, wat op datum van hierdie Item nie by die bestaande lys bygewerk is nie, as gevolg van sosio-ekonomiese ondersoeke wat nog nie kon plaasvind aan al die deernishuishoudings nie, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;
- (f) Dat, verder goedkeuring verleen word dat die bedrae wat aan die Raad verskuldig is, wat op datum van hierdie Item nie by die bestaande lys van slegte skuld bygewerk is nie, as gevolg van ondersoeke wat nog nie afgehandel is nie, ook deel van die afskrywings sal wees, onderhewig daaraan dat die Kredietbeheerafdeling oortuig is dat die nuwe skuld onder dieselfde omstandighede ook oninvorderbaar is;
- (g) Dat, die werklike bedrae afgeskryf ten opsigte van die deernishuishoudings asook die slegte skulde, nadat hierdie voorlegging aan die UBK gemaak was, weer tydens die volgende UBK Vergadering voorgelê sal word;
- (h) Dat, enige BTW op dienste gehê op die gebruikelike manier vanaf die Ontvanger van Inkomste teruggeëis word.

7.7 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

'n Verslag aangaande die uitstaande versekeringseise moet ingevolge die Batebestuursbeleid maandeliks aan die Uitvoerende Burgemeester voorgelê word.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die die aantal uitstaande versekeringseise, sowel as die kommentaar daarop;
- (b) Dat die eis met verwysingsnommer 2014/12 t.o.v. die beskadiging van die Darling Swembad van die lys verwyder word, aangesien dit blyk dat geen skadevergoeding geëis sal kan word nie.

7.8 GOEDKEURING EN AANVAARDING VAN DIE 2013/2014 WATERDIENSTE OUDITVERSLAG (16/1/1/8)

Die Departement van Water en Sanitasie is die regulatoriese liggaam wat die Munisipaliteit, as Waterdienste Owerheid (WDO), moniteer. Hierdie monitering geskied d.m.v. die jaarlikse Waterdienste Ouditverslag waarin 'n oorsig gegee word van die implementering van die Waterdienste Ontwikkelingsplan gedurende die afgelope finansiële jaar.

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die Waterdienste Ouditverslag goedkeur.

7.9 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURE VIR DIE AANSTELLING VAN 'N SEKURITEITSMATSKAPPY (8/1/B/1)

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee is op 15 Oktober 2014 volledig ingelig aangaande die probleme wat ondervind word met die onwettige besetting van grond in Chatsworth, spesifiek die grond van *Cape Lifestyle Investments* (CLI).

Daar bestaan 'n dringende behoefte aan die teenwoordigheid van 'n sekuriteitsdiens om verdere besetting van die grond te voorkom. Pogings van die grondeienaar, deur selfs die verkryging van 'n hofinterdik om verdere onwettige besetting te keer, was tevergeefs.

Indien die besetting nie gestuit word nie, kan dit 'n las op die Munisipaliteit plaas t.o.v. die voorsiening van noodbehuising en/of alternatiewe akkommodasie sou die grondeienaar 'n uitsettingsbevel verkry. Verder sal dit 'n negatiewe impak hê op die uitrol van die Munisipaliteit se behuisingsprogramme.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word dat die Munisipale Bestuurder in lyn met die Uitvoerende Burgemeesterskomiteebesluit van 15 Oktober 2014 gehandel het;
- (b) Dat kondonering verleen word vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures deur *Avalon Works t/a Multiple Security Services* (MSS) aan te stel om sekuriteitsdienste te lewer te Gedeelte 9 van die plaas Groene Rivier, no 821 soos ooreengekom, omrede
 - (i) dit as 'n noodgeval geag word weens die dringendheid om die eiendom te beskerm;
 - (ii) dit as 'n risiko vir die munisipaliteit beskou word, met inagneming van verpligtinge wat kan voortspruit om onwettige okkupeerders van noodbehuising te voorsien; en
 - (iii) dit weens die beperkte tyd, onprakties of onmoontlik is om die amptelike verkrygingsprosesse te volg;
- (c) Dat die uitgawe aan MSS ten bedrae van R259 546.00 vir die lewering van sekuriteitsdienste aanvaar word, welke uitgawe tot 3 Desember 2014 is;
- (d) Dat kennis geneem word dat die uitgawe teen posnommer 11-10-52-00-2942 verreken sal word;
- (e) Dat in terme van Klousule 36(2) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid, die geval met redes as nota by die betrokke finansiële state, waar van toepassing, ingesluit word.

7.10 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURE VIR DIE UITVOER VAN HERSTELWERK AAN VULLISKOMPAKTEER VRAGMOTOR, CK 36152 (8/1/B/1)

Die vulliskompakteer vragmotor, CK 36152, word as bystandvoertuig gebruik. Daar was probleme met die ratkas ondervind en is 'n kwotasie bekom ten bedrae van R136 800.00 vir die herstel daarvan.

'n Vergadering het plaasgevind tussen die Munisipale Bestuurder, Direkteur: Finansiële Dienste en die Hoof: Reinigingsdienste en is daar besluit dat die vragmotor herstel moet word, aangesien die vragmotor en kompakteerder nog in 'n goeie toestand is en slegs 97 000km op het.

BESLUIT

- (a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word vir die herstelwerk aan 'n vulliskompakteer vragmotor (CK36152) se ratkas en wel om die volgende rede:
 - (i)/...

7.10(a)/...

- (i) dat die herstelwerk uitgevoer word aangesien die vulliskompakteer vragmotor 'n essensiële diens lewer en 'n vertraging met die herstelwerk 'n onderbreking in die vullisverwyderingdiens tot gevolg kan hê;
- (b) Dat kennis geneem word dat uit hoofde van voormelde redes die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen het vir die herstelwerk;
- (c) Dat die uitgawe van R136 800.00 (BTW ingesluit) aangegaan word teen posnommer 65-74-30-00-0376;
- (d) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.11 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES VIR DIE AANVAARDING VAN 'N KWOTASIE VAN DIE ALLEEN VERSKAFFER MICROSOFT TEN OPSIGTE VAN REKENAAR PROGRAMMATUUR (8/1/B/1)

Die Munisipaliteit maak gebruik van rekenaar programmatuur van Microsoft wat slegs aangewend kan word ingevolge die lisensievoorwaardes. 'n Verkryging van 'n "Microsoft Enterprise Agreement" wat gebaseer is op die aantal gebruikers wat reeds aan die rekenaar netwerk gekoppel is, bied egter 'n meer kostedoeltreffende oplossing oor die langtermyn.

BESLUIT

- (a) Dat kondonering verleen word vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge artikel 36 (1)(ii) deur die kwotasie van die alleenverskaffer Microsoft te aanvaar vir die verkryging van 'n "Microsoft Enterprise Agreement";
- (b) Dat kennis geneem word dat die kwotasie van die alleenverskaffer Microsoft onderhewing is aan wisselkoers veranderings en die volgende bedrae per finansiële jaar beloop:

| | |
|---------|-------------|
| 2014/15 | \$74 994.18 |
| 2015/16 | \$79 025.17 |
| 2016/17 | \$79 025.33 |

Totaal \$233,044.68

- (c) Dat kennis geneem word dat die beraamde uitgawe vir 2014/15 R843 684.53 is gebaseer op 'n wisselkoers van R11.25:\$1 en dat voldoende fondse in die kapitaal begroting beskikbaar gestel kan word, soos volg:

| | |
|--------------|----------|
| 168065102870 | R650 000 |
| 168065102880 | R40 000 |
| 168065102980 | R40 000 |
| 168065102910 | R 15 000 |
| 168065102860 | R100 000 |

Totaal R845 000

Die werklike randwaarde van die betaling sal bepaal word deur die wisselkoers ten tye van die transaksie;

- (d) Dat in terme van Klousule 36(2) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid, die geval met redes as nota by die betrokke finansiële state, waar van toepassing, ingesluit word.

7.12 ALGEMENE JAARVERGADERING: KAAPSE AFTREEFONDS: AANWYSIGING VAN AFGEVAARDIGDES (11/1/2/5)

Die 18^{de} Algemene Jaarvergadering van die Kaapse Aftreefonds vind plaas op Vrydag, 13 Februarie 2015.

Ingevolge voorskrifte van die fonds is Swartland Munisipaliteit geregtig om drie afgevaardigdes uit die lede en drie afgevaardigdes uit die raadslede aan te wys.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word dat mnr J T Steenkamp (as sekunde, me M Holtzhausen), me M S Terblanche (as sekunde, me S Kulsen), en me S de Jongh (as sekunde, mnr D Carolus) genomineer is om die lede te verteenwoordig by die Algemene Jaarvergadering van die Kaapse Aftreefonds op 13 Februarie 2015;
- (b) Dat rdh M S I Goliath (as sekunde, rdh T van Essen) en rdl R F van der Westhuizen (as sekunde, rdl M van Zyl) genomineer word om die Raad by die vergadering te verteenwoordig op 13 Februarie 2015.

7.13 HERROEPING VAN GOEDKEURINGSVOORWAARDE RAKENDE DIE VOORGESTELDE HERSONERING VAN GEDEELTE 3 VAN DIE PLAAS DIEPKLOOF NO. 599, AFDELING MALMESBURY (15/3/3-15/Farm_599/03) (WYK 4)

Die voorgestelde hersonering het op 15 Oktober 2014 voor die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gedien en sekere voorwaardes was met die goedkeuring opgelê.

'n Aansoek is ontvang vir die herroeping van die volgende voorwaarde

"...A1(c) dat 'n reg-van-weg serwituut op gedeelte 1 van die plaas no. 599, Afdeling Malmesbury geregistreer word ten gunste van gedeelte 3 van die plaas no. 599, Afdeling Malmesbury vanaf die N7..."

Hierdie voorwaarde is opgelê ten einde 'n toegangspad na gedeelte 3 vanaf die N7 te skep.

Die bestaande toegang via plaas 599/1, Afdeling Malmesbury bestaan al vir baie jare, en bevestiging is vanaf SANRAL verkry dat die bestaande toegang situasie as voldoende beskou word.

BESLUIT

Dat die aansoek herroeping van goedkeuringsvoorwaarde A1(c) van die Raadsbesluit gedateer 15 Oktober 2014 rakende die hersonering van 'n gedeelte van gedeelte 3 van die plaas Diepkloof no. 599, Afdeling Malmesbury ingevolge artikel 42(2)(a) van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word.

7.14 VOORGESTELDE HERSONERING VAN ERF 517, KORINGBERG (15/3/3-7/Erf_517) (WYK 1)

Erf 517, Koringberg is een van die persele wat uit-die-hand aan Goedgeacht Trust vervreem is vir die ontwikkeling van jeugsentrums.

Daar word vervolgens aansoek gedoen vir die hersonering van erf 517 (groot ±788m²), geleë op die h/v Riet- en Zambesistraat, Koringberg vanaf oopruimte sone I na gemeenskapsone I vir die doeleindes van 'n jeugsentrum.

BESLUIT

Dat die aansoek vir die hersonering van 'n gedeelte van erf 517 (groot ±788m²), geleë op die h/v Riet- en Zambesistraat, Koringberg vanaf oopruimte sone 1 na gemeenskapsone 1 vir die doeleindes van 'n jeugsentrum, ingevolge Artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

7.14/...

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- (a) dat bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
- (b) dat die voorgestelde jeugsentrum voldoen aan alle soneringsparameters van die gemeenskapsone I sonering;

A2 VULLISVERWYDERING

- (a) dat 'n basiese vullisverwyderingstarief gehef word wat aangepas sal word volgens hoeveelheid vullis verwyder;
- (b) dat vullis in swart sakke op die naaste munisipale sypaadjie op die oggend van verwydering geplaas word;

A3 ESKOM

- (a) dat indien die voorgestelde afwyking veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;
- (b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van 'n Eskom kraglyn verbode is;
- (c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die perseel.

7.15 WYSIGING VAN VOORWAARDE RAKENDE DIE HERSONERING, ONDERVERDELING EN AFWYKING OP GEDEELTE 24 VAN DIE PLAAS YZERFONTEIN NO. 560, AFDELING MALMESBURY (15/3/3-15/Farm_560/24; 15/3/4-15/Farm_560/24; 15/3/6-15/Farm_560/24) (WYK 5)

Na die goedkeuring van die hersonering, onderverdeling en afwyking op Gedeelte 24 van die plaas Yzerfontein No. 560, Afdeling Malmesbury het dit aan die lig gekom dat die Weskus Distriksmunisipaliteit van voorneme is om 'n serwituut van waterleiding oor die eiendom te registreer.

Die serwituut is geleë op die oostelike grens van die eiendom en is 9,45m wyd, waarvan 4,725m op die eiendom ter sprake is. Die voorgestelde serwituut impakteer dus wesenlik op 'n aantal erwe, en is 'n gewysigde onderverdelingsplan opgestel.

BESLUIT

Dat die aansoek vir die wysiging van voorwaarde "A" van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee besluit gedateer 16 Julie 2014 rakende die hersonering, onderverdeling en afwyking op Gedeelte 24 van die plaas Yzerfontein No. 560, Afdeling ingevolge Artikel 42(2)(a) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word soos volg (sien onderverdelingsplan gemerk "C"):

"...A Dat die aansoek vir die hersonering van gedeelte 24 van die plaas Yzerfontein no. 560 (groot ±5.9ha), Afdeling Malmesbury geleë op die hoek van Buitekantstraat en Hoofweg, Yzerfontein vanaf sakesone 1 met 'n vergunningsgebruik vir 'n hotel na onderverdelingsgebied goedgekeur word ten einde die volgende gebruike te akkommodeer:

- 64 Algemene residensiële sone 1 erwe (±23365m² in totaal)
- 1 Sakesone 1 perseel (± 6836m² in totaal)
- 3 Oopruimte sone 2 erwe (±18612m² in totaal)
- 2 Vervoersone 2 erwe (±10230m² in totaal)..."

7.16 VOORGESTELDE ONDERVERDELING VAN ERF 2181, YZERFONTEIN (15/3/6-14/Erf_2181) (WYK 5)

'n Aansoek is ontvang namens die eienaar, *Chantilly Trading 30 Pty Ltd* vir die onderverdeling van erf 2181 (groot 7,0634ha), geleë te Dolphinlaan, Yzerfontein in 32 erwe wat wissel in grootte van ±197m² en ±529m² binne die Mile 16 Beach Estate.

7.16/...

BESLUIT

- A Dat die aansoek vir die onderverdeling van erf 2181 (groot 7,0634ha), te Dolphinlaan, Yzerfontein ingevolge artikel 24 van Ordonnansie 15 van 1985 in 32 erwe wat wissel in grootte van $\pm 197\text{m}^2$ en $\pm 529\text{m}^2$ binne die Mile 16 Beach Estate, ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- (a) dat die eienaar/ontwikkelaar 'n huiseienaarsvereniging ingevolge artikel 29 van Ordonnansie 15 van 1985 vir die totale ontwikkeling stig met 'n grondwet wat:
- (i) die beheer oor en die instandhouding van geboue, dienste en geriewe wat uit die betrokke onderverdeling- en hersoneringsaansoek ontstaan ten doel het;
 - (ii) voorsiening maak dat eienaars van grondeenhede wat uit die betrokke onderverdeling en hersonering ontstaan, as lede medeaanspreeklik is vir uitgawes aangegaan in verband met die vereniging;
 - (iii) voorsiening maak vir 'n bouhandleiding wat die ontwerp en argitektuur van die groepsbhuisingontwikkeling sal aanspreek;
 - (iv) deur die Raad goedgekeur is ten einde te verseker dat aan die bepalings van subparagrafe (i), (ii) en (iii) voldoen word;
- (b) dat die privaatoopruimte en pad gelyktydig met die eerste oordrag aan die huiseienaarsvereniging oorgedra word;
- (c) dat die nuwe eienaars skriftelik onderneem om alle ongemagtigde bouwerke op die perseel aan te spreek en toepaslike bouplanne aan hierdie Munisipaliteit voor te lê;
- (d) dat die eienaars skriftelik ooreenkom wanneer die aspekte soos vermeld in punt A1(c) aangespreek sal word;
- (e) dat die onderverdeling ingevolge artikel 27(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vir 'n tydperk van 5 jaar geldig is;

A2 WATER

- (a) dat elke onderverdeelde gedeelte van 'n aparte wateraansluiting voorsien word. Hierdie voorwaarde is op bouplanstadium van toepassing;
- (b) dat 'n interne waterverspreidingsnetwerk aangebring word. Hiervoor moet die ontwikkelaar 'n ingenieur toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aanstel om die waternetwerk te ontwerp. Die ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste voorgelê word vir goedkeuring waarna die konstruksiewerk onder die toesig van die ingenieur uitgevoer moet word;
- (c) dat die interne waterverspreidingsnetwerk deur die munisipaliteit oorgeneem word;

A3 RIOOL

- (a) dat elke onderverdeelde gedeelte van 'n aparte riooluitsuigtenk met 'n minimum kapasiteit van 8000 liter voorsien word. Dat die suigpunt sodanig geplaas word dat dit vir die diensvragmotor toeganklik is. Hierdie voorwaarde is op onderverdelingsstadium van toepassing;
- (b) dat die ontwikkelaar 'n ingenieur toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aanstel om die riooltenke, suigpunte en die plasing van die suigpunte te ontwerp. Die ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste voorgelê word vir goedkeuring waarna die konstruksiewerk onder die toesig van die ingenieur uitgevoer moet word;
- (c) dat die riooltenke en pypwerk nie deur die munisipaliteit oorgeneem word nie;

7.16/...

A4 STRATE EN STORMWATER

- (a) dat die interne strate tot 'n permanente oppervlakstandaard gebou word;
- (b) dat die strate sodanig ontwerp en gebou word dat dit vir die riool diensvragmotor voorsiening maak. Hiervoor moet die ontwikkelaar 'n ingenieur toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aanstel om die interne strate te ontwerp. Die ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste voorgelê word vir goedkeuring waarna die konstruksiewerk onder die toesig van die ingenieur uitgevoer moet word;
- (c) dat die ontwikkeling voorsien word van 'n stormwater afvoerstelsel. Die stelsel moet so ontwerp word dat bestaande afvoerstelsels nie oorlaai word nie. Hiervoor moet die ontwikkelaar 'n ingenieur toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aanstel om die stormwater afvoerstelsel te ontwerp;
- (d) dat die ontwerp aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir goedkeuring voorgelê word waarna die konstruksiewerk onder die toesig van die ingenieur uitgevoer moet word;
- (e) dat die interne straat en stormwaterstelsel nie deur die munisipaliteit oorgeneem word nie;

A5 VULLISVERWYDERING

- (a) dat 'n basiese vullisverwyderingstarief vir elke onbeboude perseel en elke wooneenheid gehef word;
- (b) dat aangedui word of die paaie toeganklik is vir 'n 30 ton vullisvragmotor. Indien nie moet n toeganklike geboude vullisarea geskep word;

A6 ELEKTRISITEIT

- (a) dat elke onderverdeelde gedeelte van 'n afsonderlike elektriese aansluiting op koste van die eienaar/ontwikkelaar voorsien word;
- (b) dat enige verskuiwings van elektriese kables oor die betrokke onderverdeelde gedeelte verskuif sal word ten koste van die eienaar/ontwikkelaar;
- (c) dat enige elektriese tussenverbinding ge-isoleer en ten volle verwyder sal word;
- (d) dat die elektrisiteitaansluiting aan bestaande langspanning netwerk gekoppel sal word;
- (e) dat 'n raadgewende elektriese ingenieur aangestel word om die impak van die bykomende las op die bestaande netwerk t.o.v. van verdere onderverdelings te ondersoek en die nodige herontwerp aan Swartland Munisipaliteit vir goedkeuring voor te lê;

A7 KAPITALE BYDRAE

- (a) dat die eienaar/ontwikkelaar kennis neem van die kapitaalbydrae vir die streeks grootmaat voorsiening van water wat gemaak moet word. Hierdie kapitaalbydrae ('n totaal van R156 527,50 (R10 795,00 x faktor 0.5 vir res hoë digtheid)) is betaalbaar aan Swartland Munisipaliteit op uitklaring stadium. Hierdie bedrag is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan daarna hersien word en is betaalbaar teen posnommer 50-80-75-72-7990;
- (b) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. grootmaatwaterdienste ten bedrae van R 7 277,00 gemaak word aan hierdie munisipaliteit op uitklaring stadium. Hierdie bedrag ('n totaal van R232 864,00) is betaalbaar teen posnommer 77-92-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;
- (c) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. grootmaatriooldienste ten bedrae van R3 600,00 gemaak word aan hierdie munisipaliteit op uitklaring stadium. Hierdie bedrag ('n totaal van R115 200,00) is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;

7.16/...

- (d) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v strate en stormwater ten bedrae van R5 363,00 gemaak word aan hierdie munisipaliteit op uitklaring stadium. Hierdie bedrag ('n totaal van R171 616,00) is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;
- (e) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. elektrisiteit ten bedrae van R4 321,00 gemaak word aan hierdie munisipaliteit op uitklaring stadium. Hierdie bedrag ('n totaal van R138 272,00) is betaalbaar teen posnommer 83-84-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;
- (f) dat ingevolge die Raadsbesluit gedateer Mei 2014 is daar 'n 50% korting op die kapitaalbydraes van toepassing op Swartland Munisipaliteit. Hierdie korting is geldig vir die finansiële jaar van 2014/2015 en kan hierna hersien word;

A8 ALGEMEEN

- (a) dat indien die uitbreiding van enige bestaande dienste nodig sou wees om die ontwikkeling van dienste te kan voorsien, dit vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar sal wees
- (b) dat die wetlike sertifikaat wat oordrag van enige onderverdeelde gedeelte ingevolge artikel 31 van Ordonnansie 15/1985 magtig, nie uitgereik sal word alvorens daar aan die relevante voorwaardes voldoen is nie;
- (c) dat die beswaarmaker op hul reg tot appèl per geregistreeerde pos gewys word;

B Dat die aansoek vir die volgende redes ondersteun word:

- Die aansoek is versoenbaar met die ruimtelike beplanning van Yzerfontein;
- Verdigting vind plaas wat op plaaslike owerheidsvlak en provinsiale vlak aangemoedig word;
- Die voorgestelde onderverdeling bevat minder eenhede as wat oorspronklik deur die vorige Raad in 1992 goedgekeur is.

7.17 VOORGESTELDE OPHEFFING VAN BEPERKINGS OP GEDEELTE 10 VAN PLAAS GROENRIVIER NO. 821, AFDELING MALMESBURY (15/3/6-3/Farm_821/10; 15/3/5-3/Farm_821/10) (WYK 5)

'n Aansoek is ontvang namens die eienaar, Weskus Distriksmunisipaliteit vir die opheffing van beperkings op Gedeelte 10 van die plaas Groene Rivier, No. 821, Afdeling Malmesbury ten einde die eienaar in staat te stel om die plaas te onverderdeel en die natuurreserveaat te deproklameer van die affekteerde gedeelte van die pad.

Hierdie aksies word gevolg ten einde SANRAL in staat te stel om die N7 op te gradeer na 'n dubbelbaan pad, asook die oprigting van 'n wisselaar.

BESLUIT

Dat die aansoek om opheffing van beperkende voorwaardes soos vervat in titelakte (T4587/1971) gedeelte 10 van die plaas Groene Rivier no 821, Afdeling Malmesbury aan die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning aanbeveel word vir goedkeuring.

7.18 SLUITING VAN KANTORE OP 24 EN 31 DESEMBER EN 2 JANUARIE 2015 (2/6)

Dit blyk dat Swartland Munisipaliteit vir die vierde agtereenvolgende jaar 'n skoon oudit sal verkry.

Elke afdeling of sub-afdeling van die Munisipaliteit dra by tot die verkryging van 'n skoon ouditmeting en word voorgestel dat in ooreenstemming met besluite van vorige jare, 'n afdag aan personeel toegestaan word as beloning vir hul bydraes tot die skoon oudit.

7.18/...

BESLUIT

- (a) Dat, onderhewig aan die verkryging van die vierde skoon oudit, die Raad goedkeur dat die munisipale kantore op Vrydag, 2 Januarie 2015 mag sluit vir die dag;
- (b) Dat hierdie 'n eenmalige vergunning is en dat dit glad nie 'n verwagting met die oog op volgende jare moet skep nie;
- (c) Dat kennisgewings by al die betaalpunte in die munisipale gebied en op die webtuiste aangebring word om van die sluiting van kantore kennis te gee;
- (d) Dat, met hierdie vergunning, oortyd betaal word vir tye gewerk teen die Saterdagtarief.

7.19 VERLOFSKEDULE: UITVOERENDE BURGEMEESTER, UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEERAADSLEDE EN BESTUURSPAN (4/8/3)

Die verlofskediule van die voltydse raadslede, bestuurspan en ander amptenare van die Kantoor van die Munisipale Bestuurder is **VIR KENNISNAME** met die sakelys gesirkuleer.

7.20 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: VERVANGING VAN WATERPOMP: KALBASKRAAL POMPSTASIE (16/1/1/3)

Een van die twee waterpompe by Kalbaskraal wat water lewer na 'n balanseertenk op Riverlands en dan na die reservoir op Chatsworth het onklaar geraak. Die pomp kon nie herstel word nie, en is *Tricom Africa* genader om dringend die pomp te vervang.

BESLUIT

- (a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word vir die vervanging van die waterpomp omdat dit as 'n noodgeval hanteer word om water te voorsien na die reservoir op Chatsworth;
- (b) Dat kennis geneem word dat uit hoofde van voormelde rede die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen dat *Tricom Africa* aangestel word vir die vervanging van die waterpomp, vir die bedrag van R 35 517.00 (BTW ingesluit) en dat die uitgawe aangegaan word teen posnommer 77-92-30-00-0308;
- (c) Dat die handeling van die Munisipale Bestuurder dienooreenkomstig kondoneer word;
- (d) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER